# Luiperds Kampnuus:

**Oop NUB Bush-Inn** (Springs)
05—07 Februarie 2016

Die Oop NUB is altyd 'n belangrike geleentheid in die SAWA jaar kalender aangesien dit 'n geleentheid is waar die gewone lid dan ook kan kom insit en luister wat in die binne kringe van SAWA gebeur.

Die Oop NUB word dan ook bygewoon deur die Nasionale Dagbestuur en Gebiedsvoorsitters. Hier is die streeks besture en gewone lede dan ook welkom om die vergadering by te woon en dan insette te lewer. Laasgenoemde het geen stemreg tydens 'n Oop NUB vergadering nie.

Die Oop NUB word ook bygewoon deur die Admin beampte, Redakteur van die SAWANANT asook die Redakteur van SAWA Web. Hierdie groep het geen stemreg in die vergadering nie maar kan deelneem aan die gesprekke wat gevoer word.

Luiperds het opgetree as kampkommandante tydens die Oop NUB. Lede wat bygewoon het was André en Vinkie Swanepoel, Peet en Elaine Venter, Francois en Rina Storm, Ian en Maryke Storm, Willem en Elsie Broxham en Koos Gunter van Suid-Oos.

Vrydag het altesaam 25 lede gearriveer, hulself staangemaak en was dan ook slag gereed vir die vergadering wat vir Saterdagoggend beplan was. Boekevat is Vrydagaand deur Peet Venter behartig waarna daar lekker onder die lapa gekuier is met elkeen 'n hamburger in die hand wat deur ons spyseniers vir die Naweek (Chris en Elsa) voorberei is.

Saterdagoggend 07:30 arriveer 'n klomp Streke se bestuurslede wat net die vergadering kom bywoon het waarna die vergadering stiptelik om 08:00 begin met Lance Batts wat die verrigtinge geopen het met skriflesing en gebed. Die vergadering is voorgesit deur Jannie Meyer (Nasionale Voorsitter). Om 10:15 word daar gebreuk vir 'n lekker gesamentlike ontbyt wat ook deur ons spyseniers voorberei was.

Niel Goslet (Gebieds Voorsitter Kaap Middelande) het 'n paar belangrike lede statistieke onder die vergadering se aandag gebring wat nogals die oë laat rek het. Ter afsluiting van die vergadering het ons President, Oom Nico Spaumer die vergadering toegespreuk en belangrikheid van Streek AJV's uitgewys en 'n paar tegniese punte met die vergadering gedeel en behandel het. Na die vergadering is daar ook dan weer lui lekker in en om die woonwaens gekuier waarna ons almal weer 19:00 by die lapa bymekaar gekom het vir aandete wat dan ook smaaklik voorberei was.

Sondagoggend 08:30 het ons weer almal onder die lapa bymekaar gekom vir ons gebruiklike erediens wat deur Ds Swanepoel waargeneem is en die groot vraag was "weet jy waar jy sal wees as jy nou sou sterf"? Na die erediens het ons vinnig afsluiting gehou waarna almal weer kon aansit vir 'n lekker ontbyt. Na ontbyt het die Manne en Maninne traag begin opslaan en is ons as duk pelle uitmekaar.

Dankie aan almal wat die naweek meegemaak het, dit was voorwaar 'n lekker naweek.

Kampkommandant Groete
Streek Luiperds



Bestuurslede maak reg vir die Oop NUB vergadering.



Ds Swanepoel en Jannie Meyer.



Die Kampkommandante vir die Oop NUB